AFRIKAANS TWEEDE TAAL (HG) VR2 NOVEMBER 2006

1) Algemene Opmerkings

Foute begaan deur kandidate	Raad aan opvoeders
Algemeen:	
• Antwoorde word slegs in hoofletters en swak handskrif aangebied.	Moenie tydens interne eksamens hoofletters en swak handskrif aanvaar nie.
• Instruksies word nie nagekom nie	Leerders moet opgelei word om te lees.
• Vraagkeuses is nie verstaan nie	Blootstelling deur die jaar is nodig.
• Numeringsfoute	Hou streng by nommers op vraestel.
• Verstrek twee antwoorde as een vereis word	Slegs die eerste antwoord word aanvaar en nagesien.
• Gebrekkige woordeskat en swak spelling	Kernwoorde en spelling daarvan moet ingeskerp word. Sodra die woord ‘n nuwe betekenis aanneem, word die speltoegewing nie gemaak nie.
• Gee Engelse woorde as antwoorde	Word glad nie aanvaar nie.
• Gebrekkige kennis van leestekens	Funksie van leestekens moet verduidelik en getoets word.
• Min kennis van vraagsoorte	Verskeidenheid moet ingeoefen word.

Blokkies van blokkieraaisels word geïgnoreer.

Toets spelling van woorde deur blokkies te bebruik.

- **Gebrekkige kennis van inhoud.** Lees die teks
- Verklaar woordeskat en moeilike begrippe
- Inskerping van spelling van kernwoorde
- Oefen kennis van inhoud d.m.v rolspel, dialoë, mondeling, kort vrae. Paragrawe ensovoorts.

2) Spesifieke opmerkings oor genres soos in vraestel aangebied.

AFDELING A

Foute begaan met beantwoording van FEESMAAL	Raad aan opvoeder
• Leerders ken nie die inhoud nie.	Gedurige inskerping m.b.v. toetse en oefeninge is nodig.
• Onderskei nie tussen karakters soos Rinatjie, Katrien en Rosa nie	Gebruik rolspel en dialoë om karakters gestalte te gee.
• Verstaan nie verhale vanuit karaktersperspektief nie	Vrae soos: Hoe sou jy voel / reageer as jy …..was
• Ignoreer detail	Spesifieke kennis hiervan word vereis.
• Ignoreer kern van vraag	Hou by die kern van die vraag.
• Konsentreer slegs op sekere kortverhale	Grondige kennis van al SES kortverhale is ‘n vereiste vir die eksamen.

AFDELING B

Foute begaan met beantwoording van VERSLIG	Raad aan opvoeder
• Leerders ignoreer die inhoud van die gegewe gedig.	Fokus op die inhoud van die gedig.
• Sukkel met interpretasie-vrae	Kritiese denke moet gestimuleer word.
• Sukkel met interpretasie van vrae	Vraagwoorde en kernwoorde moet ingeskerp word
• Konsentreer slegs op sekere gedigte	Grondige kennis van al die gedigte is ‘n vereiste vir die eksamen
• Verstaan gedigte slegsvanuit ‘n enkele perspektief	Bied verskillende perspektiewe aan.
• Kennis van stylfigure en beeldspraak is uiters swak; Letterlike en figuurlike betekenis word verwar.	Onderrig van gedigte kan hier sonder nie plaasvind nie
• Kennis van voornaamwoorde is uiters swak.	Sy / hy / hom / haar / ek / jy moet deurgaans ingeskerp word. Sy boek / haar tas.

AFDELING C

Foute begaan met beantwoordeling van DIE VERDWYNING VAN MINA AFRIKA	Raad aan opvoeder
• Leerders lees nie die boek nie en ken dus nie die detail nie	Leerders moet die boek lees om baie vrae oor kerngebeure te beantwoord.
• Leerders verdraai feite	Inskerping van verhaalgebeure moet derugaans plaasvind.
• Leerders ken net die hoogtepunte en nie detail.	Vaslegging van feite moet beklemtoon word.
• Verhoudings tussen karakters word verkeerd verstaan.	Persoonlikhede van hooffigure soos Mina, Julie, Schoeman, Dylan, Deon, Bettie, Sara, Sêra, Tietser, Boeta moet geanaliseer word.

FOUTE MET SPELLING EN TAALGEBRUIK	GEPASTE TAALGEBRUIK
1. want word gebruik soos Engelse “want”. Hy want die bal	Hy wil die bal hê
2. van word gebruik in plaas van want. Hy is moeg van hy het hard gewerk	Hy is moeg, want hy het hard gewerk.
3. Engelse spelling: December / cent	Desember / sent
4. In plaas van TOE word DAN gebruik	Dan = slegs teenwoordig en toekomend; Toe = verlede tyd
5. van+dit; met+dit; vir+dit	Daarvan, daarmee, daarvoor ens.

6. Verhoeding	Verhouding
7. Geskeerde i.p.v. geskeurde; leun i.p.v. leuen; ryk/reik i.p.v. ruik; geslag i.p.v. geslaag; klere i.p.v. kleure	Sodra woord ander betekenis in Afrikaans het, word speltoegewing nie toegestaan nie
8. Trappe van vergelyking: better / lekkerder / aangenamer	Goed – beter – beste lekker – lekkerder – lekkerste aangenaam – aangenamer – aangenaamste
9. Katrien word afgefors	Afgeforseer / afgedwing
10. ….omdat sy HET nie ‘n nogge 50 sent nie	…. Omdat sy nie nog 50 sent het nie
11. Sy is ‘n volwasse	… volwassene
12. ooê / oggies / perkies / ringekies	Oë / ogies / perdjies / ringetjies
13. sikkel / sukkel	Sekel
14. YA! NIE	Ja / nee
15. Hoeg / hoor	Hoog / hoër